

Uilenkraalsmond Kampvereniging

**Amethyst straat 15
Stellenrigh
Bellville
7530**



Tel: 083 388 9521

Faks : 021 449 6437

E-Pos: Barnie.Germishuys@Transnet.net

Web Site: www.Uilenkraalsmondresort.co.za

REF: 53/05/2010

Datum: 1 Mei 2010

AAN ALLE SEMI-PERMANENTE HUURDERS TE UILENKRAALSMOND

U wat die onlangse Algemene Jaarvergadering (AJV) van die Uilenkraalsmond Kampvereniging (Bestuur) gehou gedurende Desember 2009 bygewoon het, sal onthou dat die AJV 'n mandaat aan die Bestuur gegee het om voort te gaan met enige regsaksie wat die huurders se belange sal beskerm. Om sekere dringende aksies te loods het die Bestuur 'n verdere mandaat van u nodig.

BESTUUR SE PLAN VAN AKSIE

Die Bestuur het op sy spesiale vergadering wat op Saterdag 3 April 2010 te Uilenkraalsmond Vakansieoord (Uilkraal) plaasgevind het, as volg besluit:

1. Dat daar onverwyld voor die einde van huidige boekjaar met die nodige regsprosedures vir die verklaring van 'n dispuut teen die ODM soos in aangehegte Mandaat gemerk "Aanhangsel A" uiteengesit word, wat ingevolge die betrokke bepalings van Artikel 95 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, op die ODM gedien word. Verder dat huurders die Bestuur se bedingings magte aansienlik sal versterk indien hul bereid sal wees om hul normale maandelikse heffings in 'n Trustrekening, waarvan die besonderhede nog verskaf gaan word, sal betaal totdat 'n uitsluitel aangaande betrokke dispuut bereik is.

2. Dat 'n dispuut verklaar word kragtens die bepalings van bogenoemde wetgewing teen die Overstrand Munisipaliteit (OM) se Raad se besluit om sy dienste as interne elektrisiteit verskaffer van Uilenkraalsmond op 1 Julie 2010 te staak.

MOTIVERING VIR OPTREDE TEEN ODM

Ingevolge die bepalings van Artikel 102(2) van Wet 32 van 2000 kan die betrokke Plaaslike Owerheid waarteen 'n dispuut aanhangig gemaak is soos in aangehegte Aanhangsel A uiteengesit word, geen verdere gelde van 'n betrokke persoon eis of verder verhoog of enige stappe wat sy regte benadeel, teen hom neem nie, of dienste opskort alvorens die betrokke dispuut tot die bevrediging van die Bestuur besleg is nie. Daar bestaan dus geen risiko dat huurders se regte benadeel kan word deur hierdie aksie nie.

Ter inligting wil ek u net kortliks meedeel dat 'n aansienlike persentasie van huurders se maandelikse heffing tans deur die ODM aangewend word vir die betaling van amptenary se maandelikse salarisse. Uilkraal word tans gebruik as 'n beskikbare bron om munisipale fondse te genereer.

Alle heffings wat in die Trustrekening inbetaal gaan word, sal onmiddellik nadat dispuut besleg is, aan die ODM met nodige plot nommer verwysings oorbetaal word. Die Bestuur is ook bereid om met die ODM te onderhandel vir die betaling van dienste wat tans in Uilkraal gelewer word.

Ten spyte van al die skriftelike verhoë het die ODM ook nog nie 'n poging aangewend om 'n vol houbare deelname bestuur proses wat 'n positiewe en wedersydse vertrouens verhouding tussen die Raad en die Bestuur of 'n gespreks forum soos deur betrokke wetgewing bepaal word, tot stand te bring nie. Alle huurders se toekomstige verblyfs regte word dus tans daardeur bedreig.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Heffings deur ODM

Daar het op 8 April 2010 'n vergadering met die ODM plaasgevind en tydens daardie vergadering was aan die verteenwoordigers van die Uilenkraalsmond Kampvereniging gesê dat die ODM nou daadwerklik gaan optree ten einde uitsluitel te verkry oor al die beperkinge en dat die ODM die pad vorentoe saam met ons sal loop.

Dit is egter noodsaaklik dat die Bestuur die nodige magtiging van u as lede kry, om indien nodig (dit is as daar geen vordering is binne 'n redelike tyd nie), wel 'n formele dispuut met die ODM te verklaar rakende die moratoriums en ook die ignorerings van wettige besware wat in die verlede gemaak is m.b.t. verhoging van diens gelde.

Daar is darem tekens te bespeur dat die winde van verandering van die ODM se kant begin opsteek.

Elektrisiteit voorsiening : Optrede teen OM


Volgens regs opinie wat die Bestuur gekry het na 3 April 2010, sal dit meer effektiewe handeling ontloot as daar direk aansoek gedoen word vir 'n interdik teen Overstrand Munisipaliteit (OM) wat hulle sal dwing om voort te gaan met lewering van klein maat krag aan hulle kliënte te Uilenkraalsmond totdat 'n geakkrediteerde diensverskaffer die diens vanaf die ODM kan oorneem. Vir hierdie regs aksie benodig ons ook 'n mandaat van u soos uiteengesit in Aanhangsel B. Daar sal slegs voortgegaan word met die voorbereiding van hofstukke indien ons Prokureur nie teen 'n redelike tydperk kennis van ODM gekry het dat hulle herbesin het oor hulle voorneme, nie. Indien hulle herbesin sal die Kampvereniging so spoedig moontlik met hulle oor die saak onderhandel. Die Bestuur was nog altyd bereid om met enige Plaaslike Owerheid te onderhandel ten einde probleem areas sinvol aan te spreek. 'n Interdik aksie kan 'n baie duur proses word en daarom sal die Bestuur alles in sy vermoë doen om dit te vermy op voorwaarde dat sy lede se regte nie benadeel word nie. Ons het reeds Minister Bredell (Minister van Plaaslike Bestuur) se hulp in hierdie verband aangevra. Gegee die dringendheid van die saak, die kort looptyd tot Julie 2010, en hoe moeilik dit is om hof datums te kry, kan ons nie verder tyd verspeel nie. As die perd eers buite die stal se deur is, dan help dit niks om te keer nie.

Pleit vir heelhartige samewerking:

Aangesien ons in 'n demokratiese land woon word mense se regte net deur wetgewing beskerm en daarom is ons genoodsaak om daardie wetgewing te gebruik om op ons regte te staan. Graag wil ek u net kortliks daarop wys dat die grondwet van die Bestuur bepaal dat die Bestuur by magte is om namens sy lede se belange op te tree. 'n Lid word gedefinieer as 'n huurder wat sy lidmaatskapsgelde betaal het. Die Bestuur het egter besluit om namens alle huurders van wie hy 'n mandaat ontvang, op te tree. Ons regs span wat 'n advokaat gaan insluit mag weens regstegniese redes, waarvan ons tans nie bewus is nie, besluit dat die Bestuur net in belang van sy betaalde lede mag optree. In so 'n geval het die Bestuur 'n probleem aangesien minder as 50% van huidige huurders reeds hul lede gelde betaal het. Ek versoek dus dat, indien dit op u van toepassing is, om asseblief u agterstallige lede gelde van 'n R100,00 vir 2010 asook 'n vrywillige eenmalige bydrae vir regskoste van R100,00 in onderstaande bankrekening in te betaal. Ons het 'n op-datum rekord van almal wat betaal het. Dit is net nie vir die Bestuur aanvaarbaar dat enige huurder sonder elektrisiteit sal moet klaarkom nie. Gebruik asseblief u plot nommer as verwysing wanneer u u gelde inbetaal.

Vir u inligting is 'n uittreksel van die betrokke wetgewing aangeheg. Ek vertrou daadwerklik dat die Bestuur op u samewerking en ondersteuning sal kan staatmaak. Hoe meer mandate, hoe sterker sal ons saak wees – dus hoe groter die kans tot sukses. Ons het dus alle huurders se mandate so gou moontlik nodig.

Groete

PP: 

HEIN ROUX

Voorsitter Uilenkraalsmond Kampvereniging

Hiermee die bankbesonderhede:

ABSA

Parow Tak

Rekening nommer: 909 241 8319

Naam van rekening: Uilenkraalsmond Kampvereniging – Spaarrekening

Stuur asseblief die bewys van inbetaling na my E-pos adres. Nadia.Gresse@brandhouse.co.za

Verwysing (plot nommer)